

STRATEGIE

DIEREGESONDHEID ONDER DIE LOEP

“ONS vertrou dat ’n opbouende, nasionale strategie vir die toets van brucellose en tuberkulose sowel as ’n nasionale inentings-program sal voortspruit uit werksessies wat vroeër vanjaar gehou is om dié twee soönotiese siektes wat die volhoubaarheid van vee-kuddes in Suid-Afrika bedreig en wat ook ’n groot risiko vir menslike gesondheid inhou, hok te slaan,” het mnr. Dave Ford in sy voorsittersverslag op die jaarvergadering van die Rooivleisbedryfsforum gesê.

Hy het gesê die forum het ook die werksessie wat deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye gehou is om die internasionale organisasie vir dieregesondheid (OIE) se verslag oor Suid-Afrika se veterinêre dienste te bespreek, bygewoon en ’n bydrae gelewer om die grootste gebreke, soos in die OIE se verslag aangetoon, uit te wys.

’n Daaropvolgende ondersoek is deur die OIE onderneem om aandag te gee aan die gapings wat steeds bestaan.

Terugvoering aan die bedryf word steeds afgewag.

Iets wat al lankal ’n probleem vir die bedryf is, is die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye se uitreiking van invoerpermitte vir lewende vee aan inwoners van Lesotho. Die Rooivleisbedryfsforum en die departement het ’n tegniese komitee aangewys om die struikelblokke te ontlee en ’n aanbeveling aan die departement te doen.

Die terugvoering was dat indien die invoerder aan die nodige dieregesondheidsvoorskrifte voldoen, dit nie regtig saak maak

waarheen die vee gaan nie.

Die feit dat dié invoer tot oorbeweiding en veediefstalprobleme bydra, is ook nie van belang nie. Terugvoering word nog afgewag nadat samesprekings met die direkteur van veeproduksie gehou is in ’n poging om die twee departemente bymekaar te bring om aandag te skenk aan knelpunte, soos deur die tegniese komitee uitgespreek.

Intussen is ’n onafhanklike subwerkgroep vir vleisinspeksie aangewys om die riglyne vir die ingeskrewe maatskappye te bespreek, sowel as die definisie van onafhanklikheid en die rol van departementele inspektors by slagplase waar daar ’n groot omset is. Gevolglik is die knelpunte wat die departement oor onafhanklikheid gehad het, opgelos deur aandeelhouding te verander.

Daar is nog nie duidelikheid oor die koste van onafhanklike vleisinspeksies vir slagplase nie, en ook nie oor die inwerkingstelling van die onafhanklike vleisinspeksies en die nasionale slagplaasgraderingskema nie.

Dit wil voorkom asof die provinsiale departemente nie konsensus kan bereik oor die standaard of die inwerkingstelling daarvan nie. Die Rooivleisbedryfsforum het by verskeie geleenthede verklaar dat dit onafhanklike vleisinspeksies slegs sal ondersteun as dit billik ten opsigte van alle diersoorte en by alle slagplase toegepas word. Dit moet nog bevestig word.

Die forum berei tans voor om druk op die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye

te plaas om ’n besluit oor die inwerkingstelling van onafhanklike vleisinspeksies te neem, ’n aangeleentheid wat al sedert 2000 onafgehandel is, het Ford gesê.

Die Rooivleisbedryfsforum dien in die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaard (SABS) se tegniese komitee vir die samestelling van standaard om vee te hanteer. Twee standaard is gedurende die jaar voltooi, een vir die nie-wrede vervoer van vee op paaie en die ander een vir die beskerming van vee by verkoopplekke, skoue en veilings.

Gedurende die jaar het die nakomingskomitee op die volgende regsaksies gekonsentreer:

- Teenstand teen die Swan-vest-aansoek vir die invoer van Zambiese swartwitpense.
 - Die voorgestelde invoer van die Lord Derby-eland van Kameroen.
 - Verskeie sake teen heffingspligtiges wat in gebreke gebly het om dit te betaal.
- Daar is namens die rooivleisbedryf bydraes tot die volgende aangeleenthede gelewer:
- Die samestelling van die Landboubeleidsaksieplan.
 - Die teenkating teen ’n dollar-verwysende prysstelsel wat vir mielies voorgestel is.
 - Die teenkating teen die inwerkingstelling van die voorgestelde kunsmis- en voerwet.
 - Soutwatervlakke in pluimvee en rooivleis.

Die forum en die Suid-Afrikaanse Varkvleisprodusente-organisasie (Savpo) het ooreengekom oor formules wat tot die wedersydse voordeel van albei partye sal strek as Savpo tot die forum se skakel- en nakomingsfunksies bydra.

Die Rooivleisbedryfsforum het aan die Suider-Afrikaanse konfederasie van landbou-unies se konferensies deelgeneem en ’n verteenwoordiger is tot

die bestuurskomitee verkies. Die waarde van dié liggaam sal voortdurend gemonitor word met betrekking tot sy waarde vir die bedryf. Daar sal ook besluit word of dit later in die jaarlikse vergadering van die Suider-Afrikaanse Lewendehaweforum, wat nie goed deur buurlande ondersteun word nie, kan vervang, het Ford gesê.

Die forum het ook by verskeie geleenthede met die Nasionale Bemerkingsraad gekommunikeer oor die vertolking van die bedrywighede wat in die volgende heffingstydperk as transformasie gesien gaan word.

Die bygewerkte, generiese transformasieriglyne wat vanjaar goedgekeur is, het dit duidelik gemaak dat sommige van die bedrywighede wat in die nuwe aansoek vervat is, nie langer as transformasie in aanmerking kom nie.

’n Subkomitee is in Oktober aangewys by ’n werksessie wat oor transformasie gehou is om die volgende te bepaal:

- Of daar sommige bedrywighede in die aansoek is wat nie as transformasiebedrywighede in aanmerking kom nie;
 - Die bedrag wat vir bykomende bedrywighede beskikbaar is; en
 - Om ’n transformasiesakeplan saam te stel vir voorlegging aan die Nasionale Bemerkingsraad teen Desember vanjaar vir kommentaar en bydraes.
- Aangeleenthede waaraan die forum volgende jaar gaan aandag skenk, sluit in:
- Die Kunsmis- en Voerwet.
 - Die Departement van Handel en Nywerheid se huide-uitvoerbeleid.
 - ’n Aansoek om wetgewing vir en die beheer van die bestuur van afval van slagplase en leweringsaanlegte.
 - Die gereelde ontwinging van die beskikbaarheid van belangrike vee-entstowwe van Onderstepoort Biologiese Produkte, wat die nasionale kudde se gesondheid in gevaar stel.

Die forum sal slegs onafhanklike vleisinspeksies ondersteun as dit billik vir alle diersoorte is en by alle slagplase toegepas word.



HIERDIE BLAD IS DEUR DIE ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY 012 348 1933.

E-POS: rpo@lantic.net. WEBWERF: www.rpo.co.za.